

Graad 8
Sosiale wetenskappe
Geskiedenis

10-14Aug.

Geografie antwoorde op Aktiwiteite gedoen.

Aktiwiteit 14 bl.48

Antwoorde

1. Reën is noodsaaklik vir die groei en voortbestaan van alle lewende organismes. Sonder reën sal die seewater nie na die binneland oorgedra word om plante en diere van lewensnoodsaaklike water te voorsien nie. Gedurende die verdampingsproses verander soutwater in varswater. Dit gebeur omdat nét die water verdamp; die sout bly agter. (4)
2. Berge bevorder die styging van warm, klam lug. Die stygende lug koel af en wanneer die waterdamp kondenseer, word orografiese reën gevorm. Die laer temperature by hoë hoogtes bevorder die kondensasie- en sublimasieprosesse. (4)
3. a) Oormatige reën kan oorstromings veroorsaak wat oeste en vee uitwis, eiendom verwoes en tot verdrinkings lei. Vloedwater kan ook moddervloeiings veroorsaak wat nedersettings verswelg en lewens neem. (2)
b) Hael kan oeste vernietig, mense beseer en eiendom, bv. glas, breek wat weer tot ernstige beserings kan lei. (2)
c) Sneeu is besonder gevaarlik in die lente wanneer dit begin ontdooi en tot oorstromings kan lei. Die Amerikaanse Mississippi-streek ontvang byvoorbeeld elke lente groot hoeveelhede smeltwater, en oorstromings is 'n algemene verskynsel laer af in die rivier. Die smeltende onderste laag sneeu teen steil berghange maak die sneeu onstabiel en enige vibrasies van geraas of bewegings kan 'n sneeustorting veroorsaak. 'n Sneeustorting kan 'n hele dorpie vernietig. (2)

4. Vars sneeu het heelwat lug tussen die vlokies, terwyl reënwater geen borrels bevat nie. (2)
- Let wel:** Die term "sneeustorting" (Eng. avalanche) verwys spesifiek na sneeu. Die term wat vir die massabeweging van rotsagtige steengruis gebruik word, is grondverskuiwings.

Aktiwiteit 16 bl 50

Antwoorde.

Vraag 1

- a. Met 'n rooi lyn.
- b. Januarie.
- c. -3°C of meer akkuraat -3.3°C
- d. Julie
- e. 26.5°C
- f. $29,8^{\circ}\text{C}$. Metode 26.5°C minus -3.3°C

Vraag 2

- a. Stawe
 - b. Reën,sneeu,hael,ysreën. Ryp mag aanvaar word,alhoewel hierdie vorm van neerslag nog nie behandel is nie.
 - c. Junie,Julie,Augustus.
 - d. Somer(Beijing beleef sy hoogste temperatuur in die middle van die jaar;dus is dit in die noordelike halfsomer geleë.
 - e. Warm lug styg maklik op en koel af om reën te vorm. Vanweë die hoë somertemperature .
 - f. Dik jas (winter)
 - g. T-hemp(somer)
-

Geskiedenis

Ons gaan die week kyk na die volgende:

- 1. Satyagraha-veldtog 1913-1914**
- 2. Wet op grond 1913**

1. Satyagraha-veldtog 1913-1914 bl 153

- Hoekom het die veldtog begin.
- Wat beteken “Satya”
- Wie was Mahatma Gandhi.
- Wat het Gandhi als gedoen?

2. Wet op grond 1913 bl 155

- Waartoe het die wet gegaan?